Inisiasie:
Die Quan Yin Metode

Meester Ching Hai inisieer opregte persone wat smag om die Waarheid te ken, in die Quan Yin Metode. Die Chinese karakters "Quan Yin" beteken oorpeinsing van die Klank vibrasie. Die Metode sluit meditasie op beide die innerlike Lig sowel as die Klank in. Hierdie innerlike ondervindinge is sedert antieke tye herhaaldelik in die geestelike lektuur van al die wêreld se godsdienste beskryf.

Die Christelike Bybel sê byvoorbeeld: **Aan die begin was die Woord, en die Woord was met God, en die Woord was God**.(Joh. 1:1) Hierdie Woord is die innerlike Klank. Dit is ook Logos, Shabd, Tao, Klankstroom, Naam, Hemelse Musiek genoem. Meester Ching Hai sê hieroor: **"Dit vibreer binne alle lewe en onderhou die ganse Skepping. Hierdie innerlike melodie kan alle wonde heel, alle begeertes vervul en alle wêreldse dors les. Dit is almagtig en totale Liefde. Dit is omdat ons uit hierdie Klank bestaan dat kontak daarmee vir ons vrede en tevredenheid in ons harte bring. Nadat na hierdie Klank geluister is, verander ons hele wese, ons hele persepsie van die lewe word grootliks ten beste verander.**

Die innerlike Lig, die Lig van God is dieselfde Lig waarna in die woord Ligervaring (Enlightenment) verwys word. Die intensiteit daarvan kan wissel van 'n subtiele gloed tot die helderheid van miljoene sonne. Dit is deur hierdie Lig en Klank wat ons God leer ken.

Die inisiasie in die Quan Yin Metode is nie 'n esoteriese ritueel of 'n seremonie wat toegang tot 'n nuwe godsdiens verleen nie. Gedurende inisiasie word spesifieke instruksie gegee oor hoe om op die innerlike Lig en Klank te mediteer en die Meester Ching Hai voor sien die "Geestelike Oorgang". Die eerste smaak van Goddelike Teenwoordigheid word in stilte gegee. Meester Ching Hai hoef nie fisies teenwoordig te wees om hierdie "deur" vir jou te open nie. Die Oorgang is 'n essensiële deel van die Metode. Die tegniek self is van weing waarde sonder die Genade van die Meester.

Omdat jy dadelik die innerlike Klank mag hoor en die innerlike Lig tydens inisiasie mag sien word somtyds na hierdie geleentheid verwys as (die) onmiddelike ligervaring. (Immediate enlightenment)

Meester Ching Hai aanvaar persone uit alle agtergronde en godsdienstige verbintenisse vir inisiasie. Jy hoef nie jou godsdiens of geloofstelsel te verander nie. Jy sal nie gevra word om by enige organisasie aan te sluit nie of om op enige wyse deel te neem wat in stryd met jou bestaande lewensstyl mag wees nie.

Jy sal egter gevra word om 'n vegetariër te word.'n Lewenslange verbintenis tot 'n vegetariese dieët is 'n noodsaaklike voorvereiste om inisiasie te ontvang.
Die inisiasie word gratis aangebied.

Daaglikse oefening in die meditasie van die Quan Yin Metode en die onderhouding van die Vyf Voorskrifte is al vereistes na inisiasie. Die Voorskrifte is riglyne wat daarop gemik is om te keer dat jy jouself sowel as ander lewende wesens nie seermaak nie. Hierdie oefeninge sal jou aanvanklike Ligondervinding verdiep en versterk. Dit sal jou later in staat stel om hoë vlakke van Ontwaking of Buddhaskap vir jouself te bereik.

Sonder daaglikse oefening sal jy sekerlik jou Ligervaring vergeet en tot ‘n normale vlak van bewussyn terugkeer.

Meester Ching Hai se doel is om ons te leer om selfstandig te wees. Sy leer daarom ‘n metode wat deur enigeen toegepas kan word sonder fieterjasies van enige aard is. Sy soek nie volgelinge, dissipels of aanbidders nie en wil ook nie ‘n organisasie tot stand bring waar subskripsies betaal word nie. Sy aanvaar nie geld, eerbetoon of geskenke nie. Jy het nie nodig om dit vir Haar aan te bied nie.

Sy sal jou opregtheid in die, daaglikse lewe aanvaar en ook jou meditasie oefeninge sodat jy tot heiligheid kan vorder.